Mammie, kom ons betaal die man dat ons kan loop!

Ian Nell

Ian Nell van die NG gemeente Sonstraal waarsku teen die gevaar van verveling in die prediking en gee praktiese riglyne oor hoe om die prediking relevant en lewendig te hou.

Verveling

Ek hoor onlangs die staaltjie van die dogtertjie wat saam met haar ma kerk toe gegaan het. Nadat die prediker so vyf minute met sy preek aan die swoeg was toe fluister die dogtertjie in haar ma se oor: "Mammie, kom ons betaal die man dat ons kan loop!"

Ek glo jy het ook al daardie ervaring gehad wanneer jy na 'n mede-prediker moes luister. In stede van te betaal en te loop, sluit jy gewoon af en dink aan ander dinge. In 'n preek wat ek onlangs vir 'n vriend van my gestuur het, 'n gewone lidmaat, het ek self dié pynlike ervaring beleef. Hy het dit nie in soveel woorde vir my gesê nie, maar ek kon duidelik agterkom daar was nie veel wat vir hom nuut was, of wat hom opgewonde gemaak het nie. En dit nadat ek nogal gereken het my poging was nie te sleg nie.

Genadiglik het dit darem óók te make met die wêreld waarin ons leef. Die TV en reklame-wêreld weet hoe om mense se aandag te kry met 'n voortdurende stroom van nuwighede. Ons het sterk kompetisie. Maar dit hoef ons nie magteloos laat nie. Ons werk immers met die oortuiging dat God se evangelie kreatiewe en kraakvars nuus vir alle mense bring in die hier en die nou van elke dag.

Hoe nou gemaak?

Wat kan ek en jy nou doen om verveling in die prediking teë te werk? Uit ondervinding weet ons dat ons nie veel aan ons voorkoms, persoonlikhede, selfs die kansel en argitektuur van ons kerkgebou kan verander nie. Wat ons wel kan verander is ons manier van dink oor wat gebeur wanneer ons preek. In dié verband is daar natuurlik baie aspekte ter sprake, soos ons teologiese verstaan van die preek, ons omgang met die teks, ons hermeneutiese en oratoriese vaardighede en nog vele meer.

Ek wil egter net by één van dié faktore stilstaan. Dit hou naamlik verband met die "preekstrategie" wat jy volg. Jy sou dit ook die vormgewing van jou preek kon noem.

Induktiewe denke

Dertig jaar gelede het Fred Craddock reeds in sy boek *As One Without Authority (1971)* moeite gedoen met die vraag na die "beweging" wat daar in 'n preek plaasvind. Hy het verduidelik dat 'n preek in een van twee rigtings kan beweeg: deduktief of induktief. 'n Deduktiewe beweging vind plaas van 'n algemene waarheid na 'n spesifieke toepassing of ervaring. 'n Induktiewe beweging vind in die teenoorgestelde rigting plaas.

In die deduktiewe beweging gaan die konklusie die ontwikkeling vooraf. En volgens hom is dit 'n onnatuurlike manier van kommunikeer. In die gewone interaksie tussen mense werk dit nie so nie. Trouens, meer as dit, ons leef gewoon induktief. As ons dus op die kansel klim en in die eerste paar woorde ons konklusie oor die Skrifgedeelte gee (skopus) en daarna aankondig dat ons dit onder die volgende drie punte (partes) gaan behandel, moet jy verwag dat die mense nie alleen verveeld gaan wees nie, maar dat hulle jou dalk, in die woorde van die dogtertjie, ook nie meer sal wil betaal nie.

Terloops, een van die meer kreatiewe voorstelle wat ek in dié verband gehoor het, was 'n medestudent wat in ons studiejare 'n preek oor die boek Rut moes maak. Sy drie partes was: langs die bed, in die bed, Obed! Ek kon nie onthou wat was die skopus nie?

'n Basiese plot

Een homileet wat in dié verband nogal moeite gedoen het, is Eugene Lowry van die *Academy of Homiletics* en professor in prediking by die *Saint Paul School of Theology in Kansas City, Missouri* in die VSA. Hy het deeglike navorsing gedoen oor die manier waarop ons kommunikeer. Hy het selfs gaan kyk hoe werk drama's, toesprake, die plot in stories, ensovoorts. Hieruit het hy 'n voorstel ontwikkel van hoe die beweging in 'n preek behoort te geskied, met die oog daarop om verveling te voorkom.

Natuurlik is dit nie die enigste manier nie, daar is moontlik beter voorstelle en ons hoef en moet dit ook nie in elke preek gebruik nie. Verder hang dit ook af

van wát jy met 'n bepaalde preek wil bereik, maar ek is redelik oortuig dat sy voorstel ons te minste aan die dink kan sit.

Na verskeie hersienings en verwerkings in vele publikasies beskryf hy in een van sy jongste boeke *The Sermon: Dancing the Edge of Mystery (1997)* hoe, wat hy die "plot" van 'n preek noem, werk. Hy praat van sekere "fases in 'n strategie van beweging". Dit behels*: Conflict, Complication, Sudden Shift and Unfolding*.

Konflik

Konflik, in die breë sin van die woord, is die vertrekpunt van die preek. Dit hou verband met vrae en onsekerhede wat die Skrifteks oproep of wat in die lewe van gelowiges bestaan. Iets in die teks wat vir ons lê en "loer", wat spanning bring. Ons begin 'n gewone gesprek gewoonlik met 'n vraag: "Is jou vrou beter? Hoe gaan dit met die bouery?"

Gesprekke begin nie met die bekende nie, maar met dit wat ons nie weet nie, waaroor ons onseker is, waaroor ons wonder. Daarom is dit juis in gesprek met lidmate, as dit moontlik is in 'n preekgroep, wat ons moet leer om fyn te luister na die Skrifteks en lidmate se interaksie, vanuit hul lewensteks, met dié gedeelte. In 'n ander publikasie noem hy dié beweging "upsetting the equilibrium".

Komplikasie

Na bogenoemde, sê hulle in Engels, "the plot thickens". Waar konflik op die tafel kom, begin dinge om op verskillende maniere skeef te loop. Ook in die lewe werk dit so. Eers nadat dit slegter gegaan het, kan dit weer beter gaan. Op 'n ander plek praat hy van "analyzing the discrepancy". Hier vra ons vrae soos: Wat is aan die gebeur? Wat was die oorsaak?

Op dié punt moet ons selfs toelaat dat Bybeltekste wat van mekaar verskil as't ware in gesprek tree met mekaar. Konflikterende data, weersprekende optrede van karakters, beelde wat bots, noem maar op, kan hier gebruik word om ons op 'n dieper vlak aan die dink te sit en 'n afwagting te skep. Uit die aard van die saak hou dit ook verband met die vraag of ons besig is met 'n argument, met 'n beeld of met 'n verhaal. Laasgenoemde bepaal die beweging wat nodig is.

Skielike Skuif

Die klassieke Griekse term hiervoor is *peripateia*, wat hy in Engels 'n "sudden shift" noem. Hier vind 'n radikale skuif in perspektief plaas, 'n nuwe insig, 'n nuwe stem, 'n nuwe visie… Sodra dié punt bereik word, sien die hoorders dinge in 'n nuwe lig. Soos hy dit stel "a new profound simplicity overtakes the confusion…".

Dit gaan dus oor 'n ontdekking, 'n openbaring, 'n verrassing, die goeie nuus van die evangelie wat jou as't ware nie toelaat om terug te gaan op jou vorige perspektiewe nie. Die tydsberekening van dié "skielike skuif" is natuurlik baie belangrik. Die mees algemene fout wat ons as predikers maak, is om dié skuif te vroeg te maak. Die kwaliteit van die impak en die krag van dié beslissende moment in die preek is dikwels dié ding waarmee die hoorders huis toe gaan. Hy noem dit ook "experiencing the gospel".

Ontvouing

Hierdie laaste fase noem Lowry ook "anticipating the consequences". Dit het te make met die toekomstige resultaat van die interaksie tussen die mens se noodsituasie (menslike etos) en die evangelie belofte (Goddelike patos). Paulus druk dit so aangrypend uit in Rom 8:31: "Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?" Die vrae in die verband kan ons vermenigvuldig: Wat nou? Wat behoort ons te doen? Wat is moontlik?

Brueggemann praat van 'n "opening for newness". Dit is die ontlading van die spanning wat opgebou het nadat ons die goeie nuus gehoor het. Maar dan nie 'n ontlading wat ons laat terugval in 'n ontspanne situasie waar alles weer terug is na normaal nie. Nee, dit is om kwesbaar te gaan leef vanuit die krag van God se beloftes uit die Skrif. Dit is op dié punt wat die indikatief en die imperatief van die teks hande vat en nuwe moontlikhede van gelowig-wees voor ons ontvou.

Onder beheer van die Gees

Met alles hierbo in gedagte weet ons dat ons nie die resultaat van ons preke kan beheer nie. Ons doen ons bes in die wete dat dit God is wat deur mensewoorde aan die Woord kom. Hier het ons met die rol van die Heilige Gees te make. Ons verantwoordelikheid is egter om so hard en so deeglik as moontlik te werk aan die voorbereiding van dié kanaal waarlangs die Gees en die Woord tot by die hoorders moet beweeg.

Daarom hou ons as Gereformeerdes steeds vas aan die Helvetiese Konfessie van 1562 waarin ons bely: "Die prediking van die goddelike woord is die goddelike woord".